## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com


**ACIM Stad: 20 Junie 19h30**
**ACIM Kolping: 16 Junie 19h30**

**BOEKGROEP**
**Maandag 4 Julie 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail________________________________ Sel______________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel,
uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n* ***debietorder*** *wil teken*

SnapScan
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

## 12 Junie 2016

## BEKENDE BYBELFIGURE

## DIE VERHAAL VAN DAWID

## STILTE IN DIE KAPEL

HALLELUJAH (LEONARD COHEN) — JEFF BUCKLEY

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

**'n PSALMS van Dawid — מִזְמוֹר לְדָוִד**

Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie.
Hy laat my neerlê in groen weivelde;
na waters waar rus is, lei Hy my heen.
Hy verkwik my siel;
Hy lei my in die spore van geregtigheid,
om sy Naam ontwil.
Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee,
ek sal geen onheil vrees nie;
want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.
U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders;
U maak my hoof vet met olie;
my beker loop oor.
Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe;
en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

## STILTE VAN BINNE

✿ ***Lees Psalm 22:10-12***

*U is die een my uit die moederskoot uitgetrek het, wat my veilig laat rus het aan my moeder se bors. Aan U is ek oorgegee van die geboorte af; van die skoot van my moeder af is U my God. Wees nie ver van my af nie.*

⚘ ***Lees 2 Samuel 12:1-13***

Natan word na Dawid gestuur. Hy vertel die verhaal van die ryk man wat die arm man se ooilam slag vir sy gaste. Dawid vererg hom vir die storie en sê, *"So seker as die Here leef, 'n man wat dit oor sy hart kon kry om so iets te doen, moet doodgemaak word, en hy moet viervoudig vir die ooilam vergoed"* (5-6) waarop Natan hom antwoord, ***"Jy is die man!"*** *So sê die Here die God van Israel: Ek het jou tot koning van Israel gesalf. Ek het jou teen Saul beskerm. Ek het aan jou die koningskap van Saul gegee en boonop nog sy vrouens ook. Ek het die koningskap oor Israel en Juda aan jou gegee. En as dit nog te min was, sou Ek enigiets daar wou bygee. Waarom het jy die woord van die Here geminag deur so 'n verkeerde ding te doen? Jy het Urija die Hetiet met die swaard doodgemaak en toe sy vrou vir jou gevat. Ja, jy het hom vermoor met die swaard van die Ammoniete."* (7-9) Dawid se reaksie, ***"Ek het gesondig teen die Here"*** (13)

❁ ***Lees Psalm 51:3-8***

*Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! My oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. Teen U alleen het ek gesondig, en gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is regverdig, u oordeel blaamloos. Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het. Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe.*

==================================================

**God does not ask your ability but your availability**

- ✓ **Yishai & Nitzebet** — ouers (?) van Dawid 'in sonde ontvang en gebore'
- ✓ **Dawid & Bat-Sheba** — liefde wat 'blind' raak in begeerlikheid (Jak1:12)
- ✓ **Hoeveel dinge moet jy weet om salig te kan lewe en sterwe?**
  **Drie dinge** (a) Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is; (b) ten tweede; hoe ek van my sonde en ellende verlos word; (c) en ten derde hoe ek in dankbaarheid moet lewe teenoor God. *(HK: S1: V2)*
- ✓ **Psalms** — die landkaarte van gebede en getuienis in 'n soek na God
- ✓ **Amadeus** — ons eie verhaal van verlore en gevind as geliefde van God



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ WITH THIS LOVE — PETER GABRIEL ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart:*
*laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe.*
*Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees,*
*was my dat ek witter as sneeu kan wees.*
*Laat my weer blydskap en vreugde belewe.*
*U het my verbrysel; laat my weer jubel.*
*Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit!*
*Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees*
*en maak my standvastig. Moet my tog nie van U af wegdryf*
*en u Heilige Gees van my af wegneem nie!*
*Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is,*
*laat my U weer met toewyding dien.*
*Red my van ondergang, o God, my Redder,*
*dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad.*
*Here, gee my die woorde om u lof te verkondig.*
*'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring;*
*'n brandoffer wil U nie hê nie.*
*Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging:*
*U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.*

— Psalm 51:8-14, 17-19 —

---

## BE THE AWARENESS OF THE PRESENCE OF GOD

~ BOTH SIDES NOW — JONI MITCHELL ~